STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

26 APRIL 2020

# GEMEENTEBULLETIN

### DAGSTUKKE TYDENS LANDWYE INPERKING

Tydens die land-wye inperking sal leraars daagliks 'n geestelike dagstuk op die tuisblad www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" plaas, of lees dit op die gemeente se Facebookblad waarop dit ook daagliks verskyn.

## UITSENDINGS VAN PREKE OP 26 APRIL

### Gekombineerde Oggend- en Gesinsdiens

I Petrus 1:13-22 | Die eggo van God se genade in leë strate | Ds. Marius Breytenbach

### Meditatiewe diens

Ps. 146:1-5 | Om te lewe in die spanning tussen swaarkry en vreugde | Ds. Phlipp Dietmann

### Relevant-aanddiens

Johannes 20:26-31 | Open to rise above fear | Ds. Hanno Ackerman

**KYK na preke:** Oggenddienste se opnames is vanaf 06:00 Sondag-oggende op ons webwerf (www.stellenberg.co.za) beskikbaar. Kyk gerus op 'n tyd/dag van jou keuse daarna. Die Relevant-dienste is vanaf 18:00 Sondagaande op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

**LEES die preke:** Die gekombineerde oggend- en gesinsdiens se geskrewe teks is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

**LUISTER na die preke:** Luister na die klankopnames van preke op www.stellenberg.co.za.

## KUIER SAAM IN 'N VIRTUELE MARKPLEIN

Skakel vanaf 16:00 tot 16:40 Sondagmiddag by ons virtuele markplein in. Skink vir jouself 'n koppie koffie en kom gesels via die internet saam oor die preek, luister na mekaar se grendelstories en leer nuwe mense ken. Stuur jou naam, van en e-posadres aan marius@stellenberg.co.za. Marius sal jou dan om 16:00 by die gesprek betrek.

## NUUS PER E-POS, OF OP JOU SELFOON

Sluit gerus by ons e-posverspreidingslys, of die gemeente se WhatsApp-groep aan.

- As jou naam op die e-posverspreidingslys is, sal jy elke Vrydag die skakel na die oggenddiens se preek, die geskrewe preek, asook die bulletin per e-pos ontvang. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za om aan te sluit.
- Lede van die WhatsApp-groep ontvang Vrydae die skakel na die oggenddiens se preek, asook die bulletin op hulle selfone. Stuur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720.

## BYBELSKOOL

**Die aartsvaderverhale. Hoe is God vandag in ons wêreld teenwoordig?** Die aartsvaderverhale in Genesis12-50 vertel hoe God se nabyheid mense in die antieke tyd en hulle leefwêreld geraak het. Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach.

Daar is reeds drie Bybelskoolsessies asook handleidings op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## KATEGESE GAAN VOORT

Die Annibrand Junior- en Seniorgroepe, met aanpassings in die aanbiedingstyl, is weer volstoom aan die gang.

### Annibrand Junior

Kyk gerus na die kort inligtingsvideo op www.stellenberg.co.za waarin die gewysigde aanbiedingstyl verduidelik word. Ons vra ouers se hulp om as kategete in te tree en die kort les van 15 minute met hul kinders deur te werk. Lesmateriaal sal weekliks op die webwerf beskikbaar wees.

### Annibrand Senior

Seniors kom via gespreksplatforms wat op die internet beskikbaar is, as groepe byeen. Besoek die Relevant-afdeling op ons webwerf vir volledige besonderhede, asook reëlings rakende die belydenisgroep.

### EDELWEISS

Dr. Theo Swart sal weeklikse dagtukkies asook kort preke d.m.v. stemboodskappe aan inwoners WhatsApp. Indien jy graag op die WhatsApp-verspreidingslys wil kom, sodat jy na die stemboodskappe kan luister, WhatsApp jou selfoonnommer aan

083 457 1647.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied.

Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar vir noodgevalle by 082 854 4530.

## SO HELP ONS MET KOS

Met behulp van ons medewerkers in Khayelitsha, asook Uitsig naby Ravensmead, is 66 gesinne wat nog nie voedselhulp ontvang het nie, of wat buitelanders is en nie vir regeringshulp kwalifiseer nie, geïdentifiseer. Ons lewer Dinsdae by elkeen 'n kospakkie ter waarde van R150, bevrore sop wat deur ons sopkokers voorberei word, asook twee brode, af. Dankie ook aan ons ywerige kospakkers wat die kospakkies help verpak. Intussen voorsien ons ook weekliks 80 liter sop aan haweloses in Bellville, wat in samewerking met MES versprei word. Dié sop vir haweloses word deur die Shiloh-kombuis gekook en afgelewer.

Lidmate wat die kosprojekte finansieel wil ondersteun, kan bydraes inbetaal in: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *hande en rande* as verwysing.

## EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens selfisolasie, of die landswye inperking enige vorm van fisiese hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars. Vrywilligers is beskikbaar wat lidmate met die aankoop en aflaai van kruideniersware of medikasie sal ondersteun.

## EK WIL HULP AANBIED

Indien jy by die kosprojekte waarby die gemeente betrokke is wil hulp verleen, of 'n lidmaat wil ondersteun, kontak asb. vir ds. Why Duvenhage by 082 570 5931/why@stellenberg.co.za. Lidmate wat graag van die projekte finansieel wil ondersteun, kan 'n elektroniese oorbetaling maak na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *hande en rande* as verwysing.

## GEBEDSVERSOEKE

Gee jou gebedsversoeke via die gemeente se webwerf aan die gebedspan deur. Besoek die webwerf en kliek op die blokkie op die tuisblad "Ek het hulp nodig". Voltooi dan die elektroniese vorm vir gebedsversoeke.

### LERAARS KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg.co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@stellenberg.co.za

Rudolph van Schoor
Stellenberg
Ondersteuningsentrum
Sentrumbestuurder
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## ALGEMENE VRAE OOR DIE AANLYN PREKE

- **Ek soek een van julle ou preke, waar kan ek toegang daartoe kry?** Besoek Stellenberg-gemeente se YouTube-kanaal. Die skakel na die YouTube-kanaal is op die tuisblad www.stellenberg.co.za onder "eredienste" beskikbaar. Alle preke wat sedert 22 Maart 2020 opgeneem is, is daar beskikbaar.
- **Kan ek na die preek kyk wanneer dit my pas?** Ja, dit is nie 'n direkte uitsending nie, maar 'n opname. Dit beteken dat sodra die preek se skakel aktief is, kan jy daarna kyk op 'n dag of tyd van jou keuse. Oggenddienste se skakels is vanaf 06:00 Sondag-oggende aktief en die Relevant-diens vanaf 18:00 Sondagaande.
- **Ek wil graag na die preek op my selfoon kyk, hoe doen ek dit?** Jy kan die gemeente se webwerf via jou selfoon besoek, maar om dit vir jou makliker te maak, kan jy by die gemeente se WhatsApp-groep aansluit sodat jy die skakel na die preke deur WhatsApp kan ontvang. Sien bl. 2 vir instruksies om by die groep aan te sluit.
- **Moet ek inteken op YouTube om na 'n preek te kyk?** Jy hoef nie in te teken nie, maar indien jy wel inteken, sal YouTube outomaties vir jou kennisgewings stuur wanneer nuwe materiaal opgelaai is. Hoe meer intekenare die gemeente se kanaal het, hoe meer funksies en voordele ontvang ons ook. Ons sal dit dus waardeer indien jy wel die moeite sal doen om in te teken op Stellenberg-gemeente se YouTube-kanaal.

## STELLENBERG-GEMEENTE FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons Facebookblad. Gemeentenuus, foto's, skakels na preke en die dagstukkies wat leraars vir elke dag tydens die landwye inperking skryf, word daagliks daar geplaas.

## FINANSIËLE BYDRAES

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.* (2 Kor. 9:7) Ons is dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werk ondersteun. Bydraes kan soos volg gegee word:

- **Debietorder:** Laai die aansoekvorm van die webwerf af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.